Tema: Bly bid want God gebruik jou gebed in die voortgang van die wêreldgeskiedenis.

Vooraf sang
Lied 275: 1,2,3,4,5
Sb 14 - 3: 1,3

Ontmoetingsdiens
Intreelied en Votum: Ps 67 - 2: 1
Seën
Lofsang Ps 84 - 2: 1,4,5

Woorddiens
Gebed
Skriflesing: Eksodus 30 : 1 - 10
Openbaring 8: 1 - 5
Teks: Openbaring 8: 1 - 5
Heidelbergse Kategismus vr 128
Woordbediening;

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Gebed vir BNB
Sing Lied 588 : 1,3
Seën uit Sb 19 -3: Liturg lees vers 1,2 en 3 gemeente antwoord met die sing van vers 4.

Geliefde brs en srs en kinders

'n Mens hoor gedurig dat mense aan die gesels is oor watter wêreldmag nou eintlik aan die stuur van die wêreldgeskiedenis staan. Wie bepaal nou eintlik wat gebeur? In die ou dae is die Kommunisme geblameer, die rooi gevaar. Of andersins die Aluminate of Broederbond wat eintlik sake beheer. Deesdae word die ANC of die Moslems of die Sjinese geblameer vir alles wat gebeur.

Lees ons egter ons teksverse, dan sien ons die verstommende dat dit eintlik ons gebede is wat die wêreldgeskiedenis bepaal. Dit is nie donker en duister magte wat in beheer is van ons lewe en wat bepaal wat in die wêreld gebeur nie, nee, **dit is God wat ons gebede gebruik in die manier waarop Hy die wêreldgeskiedenis stuur en rig. Ja, dit is my en jou gebede wat ook die koers van ons lewenspad bepaal.**

Daarom sê die Here vanaand vir ons: Bly bid want God gebruik jou gebed in die voortgang van die wêreldgeskiedenis. Leef biddend wat God gebruik ook jou gebede in die voortgang van jou eie lewe.

Ons teksverse vorm 'n oorgang tussen twee gedeeltes in Openbaring. Die sewe seëls word hiermee afgesluit en die sewe trompette word hiermee ingelei. Hierdie feit hou dan ook besondere betekenis in vir die verklaring van ons teksgedeelte..
As sewende seël openbaar dit iets van die finaliteit en volkomenheid van God se werk en tog begin hier ook 'n nuwe fase in die uitvoering van die wêreldgeskiedenis. Die seëls het gehandel oor die lyding en vervolging van die wêreld en die kerk wat daarby betrokke was. Die sewe trompette handel hoofsaaklik oor die voltrekking van God se oordeel oor die ongelowige wêreld. Hierdie gebeure tref nie die gelowiges nie, maar word tot hulle voordeel uitgevoer. **MAAR belangriker: die gelowiges speel self 'n belangrike rol in die manier waarop God te werk gaan in die voltrekking van sy raadsplan.**

Kom ons kyk daarna:
Johannes sien die Lam – Christus - die laaste seël van die boekrol met die sewe seëls oopmaak**. En net toe Hy die laaste seël breek, kom daar 'n skielike stilte in die hemel**. Die 24 ouderlinge, die vier lewende wesens en die miljoene engele se lofprysing en aanbidding verstil vir 'n halfuur lank. Hierdie stilte in die hemel dui op die feit dat 'n baie belangrike gebeurtenis nou gaan plaasvind. Die voortdurende lofsange maak plek vir stilte!

So tersyde sien Johannes dat daar sewe trompette aan sewe engele gegee word**, maar wat in die kollig van die stilte gebeur, is dat daar 'n ander engel is wat met 'n goue wierookbak by die goue altaar gaan staan**. In hierdie dawerende stilte ontvang die engel dat ook baie wierook wat hy dan neem om saam met die gebede van die gelowiges op die goue altaar, wat voor die troon van God staan, te offer.

Br en sr, om hierdie gebeurtenis in sy volle diepte te verstaan moet nou vir 'n rukkie net die toneel verlaat en na die Ou Testament teruggaan. In Eks 30: 1 – 10 kry Moses

die instelling van die reukoffer altaar in die tabernakel van ouds. Van belang is die feit dat **die altaar met goud oorgetrek moes word**, dieselfde as die hemelse altaar in Johannes se gesig. Ook die **feit dat die altaar reg voor die voorhangsel** in die Heilige deel moes staan, **reg voor die ark wat in die Allerheiligste deel gestaan het**. En let op wat sê die Here van die besondere plek: ”waar ek met jou sal saamkom”. Waar God en mens sal ontmoet!

Verder was die opdrag dat Aaron **die reukwerk elke oggend en elke aand daarop moes offer** sodat die soet reuk van die wierook altyd deur die tabernakel moes vul. In vers 9 word Aaron verbied om enige iets anders hier te offer. **Dié reukwerk is vir God belangrik. Vers 10 sê dit is heilig – aan God gewy.**

Geliefdes, ons lees verder in die Bybel dat die wierookoffer altyd as die simboliek vir die gebede van die gelowiges gebruik word. Die volk het dan ook altyd in die oggend en teen die aanduur gekom om by die tabernakel te bid as die wierookoffer gebring word.

Wat leer ons hieruit? Nou is ons weer terug by ons teksverse:
In die eerste plek: **Ons gebede is vir God baie belangrik**. Dit is vir ons Vader belangrik dat sy kinders voortdurend in gesprek met Hom moet wees. Deur gebed wil die Here ons ontmoet en kan ons Hom ontmoet. Dis immers die plek van ontmoeting wat Hy vir Moses aangedui het. Hy wil met ons so gemeenskap hê.

Die Here wil Hom ook verlustig in die aangename wierookgeur van ons gebede! Die feit dat die wierookbak en die altaar van goud gemaak is en dat die altaar reg voor die troon van God staan, beteken dat ons **gebede vir God baie belangrik** is. Dit neem ‘n ereplek in die hemel in en God bring stilte sodat ons gebede voor Hom geoffer kan word.

Br en sr, sien jy nou waarmee ons besig is as bid? Van ons vinnige tafelgebed tot ons diepste gebedsworsteling met God is ons besig om reg voor die troon van God te verskyn. Vir God is ons gebede heilige sake. **Laat ons dan erns maak met ons gebedslewe.** Laat ons hierdie **oproep van die Here ernstig opneem in die wyse waarop ons oor God dink, oor hoe ons bid en wat ons bid! Jy staan met jou gebed voor die troon van God – dit kan nie sommer maar net ‘n paar woorde geuiter wees en daarmee klaar nie!**

In die tweede plek is gebed ook ‘n opdrag van die Here. Gebed is nie ‘n saak van willekeur nie. Dit is nie ‘n kwessie of ek lus het of nie!I Of ek te moeg of te besig of te lui is nie**! Maak tyd om behoorlike tyd met God in gebed deur te bring**.

Net so moet ons as gemeente in ons samekomste behoorlike tyd afstaan aan gebede. Baie lidmate dink dat die Woordbediening die enigste belangrike element van die erediens is en dat die ander dinge maar net bysake is. Nee, br en sr, gebed is vir God net so belangrik en daarom moet ons ook goeie tyd en aandag in ons samekomste daaraan spandeer.

Maar gebed is in die derde plek ook 'n offerhande! Dit is 'n offerhande op twee maniere:
In die eerste plek is dit 'n offerhande omdat ons met ons gebedslewe onsself in die hande van die Here stel. As jy biddend lewe, gee jy jouself in God se hande! Jy offer jouself en jou lewe aan God! My hele lewe, my wil, my dade, my alles kom in diens van die Here. Daarmee sê ek ook – soos ons vanmore gehoor het – dat ons alles vir ons lewe van God verwag.
Br en sr, watter voorreg is dit dan nie om te bid nie! Watter vrede bring gebed nie as ek my kommer en vrees voor God se voete neerlê en ek uit sy hand net wat goed is kan verwag!

I**n die tweede plek is ons gebed 'n offerhande omdat dit nog vol sonde en onvolmaak is.** Daarom moet ons gebede gereinig word sodat God dit kan verhoor. Net soos die reukwerk van die offer deur die voorhangsel heen sypel om in die Allerheiligste deel te kom, net so moet Christus ons gebede met sy offerhande reinig. **Die wierook is simbool van die reinigende werk van Jesus Christus waarmee Hy ons gebede reinig en heilig en voor God ons Vader bring. In en deur Hom verhoor God ons gebede!**

Ons lees in Open 8:4 dat **die rook van die wierook saam met die gebede van die gelowiges opgestyg het voor God. Dit dui op die feit dat God in Christus na ons gebede luister en dit ook gebruik in sy volvoering van die wêreldgeskiedenis.**

Die sewe engele met die sewe trompette **staan gereed** om God se oordeel te voltrek, maar **hulle wag eers** tot dat die gebede van die gelowiges voor God geoffer is en God daarna geluister het. Daarna skep die engel met dieselfde wierookbak van die kole van die altaar en so begin God sy oordeel oor die wêreld voltrek!

Br en sr, besef ons wat dit beteken? Dat ek en jy en ons as kerk se gebede 'n rol speel in die uitvoering van God se regerende mag oor hierdie wêreld. Dit is hoe belangrik God ons gebede ag en hoe hy dit gebruik.

Ons het dit mos alreeds in die geskiedenis gesien! Hoe God nie sy profete se gebede gebruik om sy wil te voltrek nie! Hoe het die Here nie na Abraham se pleidooie geluister oor Sodom en Gomorra nie? Onthou julle hoe het God na Moses se gebede geluister en sy oordeel van die volk weerhou? Watter ingrypende betekenis het Elia se gebede nie gehad in die lewe van die volk Israel nie. Die verskil tussen droogte en reën het afgehang van die profeet se gebed.

Ook op persoonlike vlak gebruik die Here ons gebede in die manier waarop Hy ons lewe stuur en rig. Daarvan is koning Hiskia se gebed 'n baie duidelik voorbeeld. Sy lewe is verleng op grond van sy gebed voor God!

Net so geliefdes, gebruik die Here ook jou en my gebede! Dit is vir God so belangrik dat Hy dit in sy Raadsplan opneem. Ons het dus die voorreg om die gang van die

wêreld geskiedenis te stuur met die wyse waarop ons as kerk voor God intree vir hierdie wêreld. Dit is nie bose en donker magte wat die wêreld geskiedenis beheer nie! Dit is God deur die gebede van sy kerk!

Daarom br en sr, bly bid. Moenie in tye van swaarkry en beproewing en angs ophou bid nie! Moenie dink jou gebede gaan onverhoord by God verby nie! Nee, inteendeel – God bring stilte in die hemel om na jou te luister. Bid in Christus en deur die krag van die Heilige Gees en God sal ook jou gebed insluit in sy raadsplan vir die wêreld

Amen